

'n Maaltyd saam met die Heilige Here.

Teks: 2 Samuel 6: 1 - 23

Teks: 2 Samuel 6: 18 - 19

1. Inleiding

Ons is uiteindelik hier vanoggend. Hierdie jaar was daar 'n lang verwagting na hierdie erediens. Die erediens waar ons die voorreg het om uiteindelik aan die Heilige Sakrament van die Nagmaal deel te neem. 'n Voorreg wat tot dusver deur verskeie inperkings regulasies van ons ontnem is. Maar wat presies is dit aan die Heilige Sakrament van die Nagmaal vir die opregte gelowiges so spesiaal maak.

Om dit beter te verstaan fokus ons vanoggend op 'n Ou Testamentiese teksgedeelte. Maar steeds 'n teksgedeelte waar die Messias so duidelik geopenbaar word. Ons fokus op 2 Samuel 6, waar koning Dawid die ark van die Here in Jerusalem in bring. In hierdie teksgedeelte word elemente wat God se Heiligheid teenwoordigheid duidelik geopenbaar. Tog openbaar hierdie gedeelte ook die onbegryplike genade van die Here.

Ons sien hierdie genade in priesterlike optrede wat vergelykbaar is met Melgisedek en ook in offergawes. Maar uiteindelik werk offergawes in hierdie teksgedeelte heeltemal anders as wat ons gewoon is in Godsdiensoefening. Ons teksverse beklemtoon juis hierdie unieke offer voorkoms.

Maar uiteindelik bly die vraag ook vir ons elkeen persoonlik, want alhoewel ons as 'n groep mede-gelowiges saam vanoggend die sakrament gaan gebruik, is daar sekere dinge wat net persoonlik, geestelik op 'n dieper vlak beleef kan word. In kort kan ons begin met die vraag wat beteken dit om 'n Maaltyd saam met die Here, die almagtige by te woon? Het ek en u werklik daarvoor gedink in hierdie week van voorbereiding? Of is ons soos Ussa wat maar bloot deur die bewegings hier by die kerk te gaan, en dit sluit terloops vanoggend Nagmaal in. Kom ons

word opnuut stil voor die Heilige teenwoordigheid van die Here. Veral ook die teenwoordig is aan die Nagmaalstafel.

2. Te gevaarlik om te hanteer

Die ark van die Here staan sentraal in ons teksgedeelte vanoggend. Maar onmiddelik is dit duidelik dat hierdie ark moeilik hanteerbaar is. Dit kos onmiddelik vir Ussa sy lewe by Nagon se dorsvloer in vers 6 en 7. En ook Dawid se opgewondenheid om die ark na Jerusalem te bring moet plek maak vir nugtere besinning. Hy kan nie die stad en sy mense in gevaar stel nie, en daarom besluit hy in vers 9 en 10 om eerder die ark na die huis van Obed-Edom te stuur.

Die hantering van die ark kan vergelyk word met die hantering van 'n onstabiele chemiese element. Indien dit nie reg hanteer word sterf die mense wat dit hanteer. Maar dan gaan die vergelyking juis ook verder, wanneer 'n onstabiele chemiese element reg hanteer word, kan dit ook tot groot voordeel van die mense wees. Die ark is inderdaad tot groot voordeel van die huis van Obed-Edom. Uiteindelik ook die beweeg rede waarom die ark gaan haal word.

Maar wat maak die ark spesiaal. Die ark is die manier waarop die Here Sy teenwoordigheid onder die volk openbaar in Ou Testament. Dit is Sy heilige teenwoordigheid tussen gewone sonder mense. En dit is hierdie heiligheid wat kan vergelyk word met die vernietigende krag van 'n gevaarlike middel. Want die Heiligheid van die Here verteer eenvoudig die sondige boosheid van die wêreld waarmee dit in aanraking kom.

En dit is hier waar die raakpunt ook met die nagmaal lê. Sien daar is 'n rede waarom ons daarna verwys, as die Heilige

sakrament van die Nagmaal. En hierin lê die vraag vir ons persoonlik vanoggend. Sien ons nog die sakrament en heilige teenwoordigheid van die Here in hierdie lig. Is daar nog werklik 'n heilige vrees en eerbied vir die Here in my wêreldbeeld. Besef ek, dat ek soos Ussa dood neergeslaan kan word deur die Here as ek nie rekening hou met Sy heiligheid nie. Want wanneer ek nie rekening hou met die Heiligheid van die Here nie, is my geloof en uiteindelik die sakrament van die Nagmaal net te gevaarlik om te hanteer.

3. Die offer van Melgisedek

Hierdie oortuiging van die Heiligheid van die Here en die grootheid van ons sonde, maak 'n mens nie net bang nie, maar ook moedeloos. Is ons eenvoudig gedoem om ver weg te bly van die Heilige teenwoordigheid van die Here? Moet ons maar 'n lewe ly wat moet klaarkom sonder gevaar om naby aan die Here te kom? 'n Lewe wat geen hoop het op verlossing uit die doodsheid van die sonde nie?

Die antwoord hierop is harde NEE. Daar is 'n ander manier. 'n Manier wat ons toelaat, ja selfs verwelkom in die heilige teenwoordigheid van die Here. Maar hierdie manier word nie gevind in sommer 'n alledaagse doen en late nie. Soos David wat sommer gewone met uitkies om met 'n nuwe wa die ark te gaan haal nie. Nee hierdie manier lê in die heilige bepalings van die Here wat nagekom moet word. Hierin speel die ampswerk van die priester om te offer 'n sentrale rol. En dis hier waar die ooreenkoms met melgisedek duidelik word. Want in ons teksverse is Dawid duidelik besig om die offers te bring iets wat die priesters se amps werk was. Ons weet dat melgisedek die persoon in die Ou Testament was wat beide die amp van Koning en priester beklee het. En dit wat Dawid doen in ons teksters kan ook vergelyk word met die optrede van Melgisedek in Genesis 14: 18 - 19:
¹⁸Melgisedek, koning van Salem en priester van God die Allerhoogste, het vir Abram kos en wyn gebring ¹⁹en hom geseën: "Mag Abram geseën word deur God die Allerhoogste, Skepper van hemel en aarde.

Dawid deel ook kos uit aan die mense en stuur hulle weg met 'n seën. Maar uiteindelik is dit net die ware Melgisedek waarvan ons lees in Hebreëus 7 wat veroorsaak dat ons in die Heilige teenwoordigheid van die Here kan bestaan. Ons Here Jesus Christus is die ware Melgisedek wat vir ewige ons ware Hoëpriester is. Hy kom en offer sy liggaam, sy sondelose liggaam op aan die kruis vir ons sondes. En omdat ons deel het aan die bloed van die Here is ons nou ook welkom in die heilige teenwoordigheid van die die Here. Dit is hierdie verbintenis wat ons juis gedenk wanneer ons ook weer vanoggend die Heilige Nagmaal vier.

4. 'n Seën ook vir die pad verder

Die primêre doel van ons verlossing is nie onself nie. Alles en veral ons verlossing moet uiteindelik meewerk tot die verheerliking van die Here. Maar die Heiligheid van die Here het so verterende effek op die bese dat daar vir ons nog 'n ekstra byvoordeel in verlossing is, as ons dit so kan stel.

Sien dit is op hierdie punt waar Christelike geloof so radikaal verskil van ander gelowe. Ook in die tyd van ons teksgedeelte, was dit die gebruik dat offers aan afgode gebring word. Dat die aanbiddings praktyk en gebruik 'n voortdurende opoffering en uitmergelende proses was. En dat alles wat die mense gedoen het vir die afgode, maar in poging was op beterskap.

Maar in ons teksgedeelte sien ons offers wat uitgedeel word aan die mense. Almal sonder uitsluiting ontvang 'n ringbrood, 'n bietjie dadels en handvol rosyntjies. In die Christelike geloof is die nie ons wat offer nie, ons offers is in geval so bevlek met die sonde. Maar dit is Christus wat kom offer in ons plek. Daarom is daar op 'n stadium weerklink die woorde in 'n bo kamer: " ¹⁹Toe neem Hy brood, spreek die dankgebed uit, breek dit en gee dit vir hulle met die woorde: "Dit is my liggaam wat vir julle gegee word. Gebruik dit tot my gedagtenis."

²⁰Met die beker na die maaltyd het Hy net so gemaak en gesê: “Hierdie beker is die nuwe verbond, beseël deur my bloed, wat vir julle vergiet word.”

Amen

En ons weet hierop volg die seën in die verlossing aan die kruis waarmee ons ook die wêreld in gestuur word.

5. Slot

Ons kan hierdie preek afsluit deur op te som wat 'n maaltyd saam die Heilige Here behels. Natuurlik is die elemente van die brood en wyn net tekens van die liggaam en bloed van die Here. Maar selfs hierdie tekens moet met die heilige respek en eerbied hanteer word. Die ark was immers ook net 'n teken en simbool van die Heilige teenwoordigheid van die Here onder die volk. Maar die verkeerde hantering in ons teksgedeelte lei tot onmiddellike dood. Het ons nog die heilige eerbied vir die Nagmaal. Of eis ons dit selfsugtig op vir ons eie voordeel.

Maar dan is daar ook die wonderlike genade in die Nagmaal. Want dit is juis die teken en simbool van die groot genade van die Here. Die groot offer wat die Here Jesus Christus in ons plek kom bring het. Dit wat veroorsaak dat ons in die teenwoordigheid van die Here kan leef. 'n Genadige gawe wat ons nie verdien het nie. Daarom kan ons in dankbaarheid ook nie anders as Dawid, anders as om die Here loof nie.

Laastens is daar ook die pad weg van die Nagmaalstafel. Die Here gee juis in genade aan ons die sakrament van die Heilige Nagmaal ter versterking van ons geloof. Daar is dus ook definitief seën wat ons weer van die Nagmaalstafel af saam neem. Want die ewige hoëpriester wil vanoggend ook vir my en jou seën en versekering van ons verlossing in Sy sterwe en opstanding. Daarom kan ons nou die nagmaal gebruik met 'n Heilige eerbied, maar ook bewus van die groot genade, sodat uiteindelik ook versterk gaan voortgaan op ons geloofspad.